


Hulle was saam matriekafskeid toe. 'Ek het altyd geweet sy is die een'



HOOFFOTO: Deon en Jean-Marie Fourie pas nadat hulle in die Riebeeckvallei getroud is. **BO:** Dr. Pieter Barnard praat met die bruidspaar oor die liefde. **REGS:** Deon het die ontwerp vir Jean-Marie se diamant-ring gekies. Haar vingerafdruk is op sy ring aangebring. **HEEL REGS:** Die bruid was verruklik in 'n Ilse Roux-skepping.



Daarna kon hy darem die bottel vonkelwyn, blomme en sjokolade uit die motor gaan haal voor hulle hul verlowing by 'n restaurant gaan vier het.

Hy het toe al klaar stillietjies ouers gevra. "Ons ken Deon al van kleins af; hy was altyd baie ordentlik en eintlik skaam en wou altyd die regte ding doen," vertel Jean-Marie se ma, Jean, ná die seremonie terwyl drankies en versnaperinge onder 'n Bedoeïen-tentkap voorgesit word.

Langs die tent hang drie rye fraai versierde kaartjies met die sowat 130 gaste se name daarop. Die bruid het dit self gemaak. Die WP se hele hoofafrigtingspan is vandag hier, Allister Coetzee, Robbie Fleck en Matt Proudfoot, asook die meeste van die spelers.

By die onthaal skop die bedrewe seremoniemeester, Deon Carstens, ook 'n voormalige WP- en Stormers-stut, met 'n paar pluimpies af: "Jean-Marie, jy lyk verskrriklik mooi..." En dan vertroostend aan die bruidegom: "En Deon, jy's darem nog jou ma se mooiste seun."

Deon sr., 'n kredietrisikobestuurder by 'n bankgroep, en Jeanette, 'n gimnastiekafrig-

ter, noem hul Deon vandag nog Seun. Hy is die enigste seun en ook die jongste kind.

Jean-Marie se romantiese trourok in die meerminstyl is ontwerp deur Ilse Roux, 'n bekroonde Wes-Kaapse ontwerper. Die lang sleep is onder die derde rokval geheg en kan afknip. Dit was Jean-Marie se idee. "Anders sou dit onprakties wees wanneer ons begin partytjie hou en dans," verduidelik sy.

Dit was Deon se idee dat 'n ewigheidssimbool moet deel uitmaak van Jean-Marie se verloofring. "Ek het dit so half geteken," grinnik hy.

Dis 'n ronde diamant in platinum gemonter met kleiner diamantjies, verduidelik die ontwerper, Salomé Veenstra. Daarby het Deon twee troupande laat maak wat weerskante van die ring pas. En Jean-Marie se vingerafdruk is ewe romantisies met laser op sy trouwing afgeëts.

Terwyl die gaste weglê aan 'n voorgereg van geroomde seekos en salm in filodeeg of 'n bloukaas-tamatie-en-uiemarmeladesouttert met groenslaai, het die seremoniemeester weer raad vir die bruidegom:

(Blaai om)

